



# ANNUAL REPORT JAARVERSLAG

2022/2023

Agri SA | Private Bag X180 | Centurion 0046  
Inkwazi Office Park | Block A  
Embankment Road 1249 | Zwartkop X7 | 0157

T +27 (0) 12 643 3400  
E [agrisa@agrisa.co.za](mailto:agrisa@agrisa.co.za)

[www.agrisa.co.za](http://www.agrisa.co.za)



# CONTENTS INHOUD



|     |  |
|-----|--|
| 4   | <b>MISSION, OBJECTIVES AND VALUES</b><br>VISIE, MISSIE EN WAARDES                                  |
|     | Mission and main object   Missie en hoofdoelwit  |
|     | Ancillary objectives   Aanvullende doelwitte   |
|     | Values   Waardes   |
| 6   | <b>FOREWORD BY THE PRESIDENT</b><br>VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT                                   |
| 12  | <b>OVERVIEW BY THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER</b><br>OORSIG DEUR DIE HOOF- UITVOERENDE BEAMPTE        |
| 24  | <b>SOCIAL, ETHICS AND TRANSFORMATION COMMITTEE</b><br>MAATSKAPLIKE, ETIEK EN TRANSFORMASIEKOMITTEE |
| 26  | <b>AGRI SA GOVERNANCE</b><br>AGRI SA-BESTUUR   |
| 30  | <b>CHAMBER OVERVIEW</b><br>KAMER-OORSIG  |
|     | Provincial Chamber   Provinsiale Kamer   |
|     | Commodity Chamber   Bedryfskamer   |
|     | Corporate Chamber   Korporatiewe Kamer   |
| 44  | <b>CENTRES OF EXCELLENCE</b><br>SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID   |
|     | Economics   Ekonomie   |
|     | Labour   Arbeid  |
|     | Land   Grond   |
|     | Natural Resources   Natuurlike Hulpbronne  |
|     | Rural Safety   Landelike Veiligheid  |
| 78  | <b>AGRI SECURITAS TRUST FUND</b><br>AGRI SECURITAS TRUSTFONDS                                      |
| 84  | <b>PERSONNEL AND ORGANOGRAM</b><br>PERSONEEL EN ORGANOGRAM   |
| 88  | <b>COMPOSITION OF CONGRESS</b><br>SAMESTELLING VAN KONGRES   |
| 89  | <b>HONORARY AWARDS</b><br>ERETOEKENNINGS   |
| 91  | <b>REPRESENTATIVE STRUCTURES</b><br>VERTEENWOORDIGENDE STRUKTURE                                   |
| 93  | <b>IN MEMORIAM</b>   |
| 94  | <b>FINANCIAL STATEMENTS</b><br>FINANSIËLE STATE  |
| 128 | <b>CONGRESS REPORT 2022</b><br>KONGRESVERSLAG 2022   |



# MISSION, OBJECTIVES AND VALUES

## VISIE, MISSIE EN WAARDES



### Mission and Main Object

Agri SA promotes the development, profitability, stability and sustainability of agriculture in the Republic, with a focus on primary production, which forms the basis of the agricultural value chain, by means of its involvement and input on national and international policy level and the implementation thereof.

### Missie en Hoofdoelwit

Agri SA bevorder die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van landbou in die Republiek, met die fokus op primêre produksie, wat die basis vorm van die landbouwaardeketting deur sy betrokkenheid en insette op nasionale en internasionale beleidsvlak en die implementering daarvan.

## Ancillary Objectives

Based on the mission and main object, the ancillary objectives of Agri SA are to:

- establish a suitable and cost-effective organisation for organisations, which are representative of the spectrum of interests, who have a direct interest in the realisation of Agri SA's mission statement and who underwrites its Memorandum of Incorporation and value system, by which members' participation is facilitated, points of view are co-ordinated and joint action can be planned and executed;
- co-operate, affiliate or to confederate with other organisations within and outside the Republic, and to establish and maintain network relationships with organisations or interested parties who can contribute to the realisation of Agri SA's mission;
- present the co-ordinated opinion of its members to any organisation as well as the government or other authorities and to co-operate in all matters pertaining to the well-being and development of the agricultural industry, including the establishment of appropriate policy, legislation, services or programs;
- in the interest of well-informed participation and decision making, effectively communicate with its members and agricultural producers as well as with outside institutions and the broader public where a proper understanding and appreciation should be created for agriculture's contributions, challenges and needs;
- execute all actions that relate or contribute to the realisation of Agri SA's mission, or execute such other actions that might, in the opinion of the Board, be in direct or indirect interest of the agricultural industry;
- honour, in an appropriate manner, persons who have served Agri SA and / or agriculture in a significant way, on condition that it does not give rise to any rights for the particular person in accordance with this Memorandum; and
- have sufficient financial resources, taking into consideration the importance of voluntary membership contributions for the legitimacy of Agri SA as a representative organisation that will ensure that Agri SA can execute its mandate on a continuous basis.

## Values

Agri SA and its members:

- respect the Constitution of the Republic of South Africa and adhere to its provisions and principles in the formulation of policy and related activities;
- rely on private property rights and a free market approach as cornerstones of wealth creation;
- focus on agricultural merit and act in an a-political manner;
- promote sustainable production practices, also in support of national food security;
- will always maintain an independent stance on policy matters;
- apply democratic principles in decision-making; and
- apply the accepted principles of good corporate governance.

## Aanvullende Doelwitte

Op grond van die missie en hoofdoel is die aanvullende doelwitte van Agri SA om:

- 'n geskikte en kostedoeltreffende organisasie te vestig vir organisasies wat verteenwoordigend is van die spektrum van belange, wat 'n direkte belang by die verwesenliking van Agri SA se missieverklaring het en wat sy Akte van Inlywing en waardestelsel onderskryf, waardeur lede se deelname gefasiliteer word, standpunte gekoördineer word en gesamentlike optrede beplan en uitgevoer kan word;
- om saam te werk, te affilieer of te konfedereer met ander organisasies binne en buite die Republiek, en om netwerkverhoudings met organisasies of belanghebbende partye te vestig en in stand te hou wat kan bydra tot die verwesenliking van Agri SA se missie;
- die gekoördineerde mening van sy lede aan enige organisasie sowel as die regering of ander owerhede voorlê en om saam te werk in alle aangeleenthede rakende die welstand en ontwikkeling van die landboubedryf, insluitend die daarstelling van toepaslike beleid, wetgewing, dienste of programme;
- in die belang van goed ingeligte deelname en besluitneming, effektief met sy lede en landbouprodusente sowel as met buite-instellings en die breër publiek te kommunikeer waar 'n behoorlike begrip en waardering vir landbou se bydraes, uitdagings en behoeftes geskep moet word;
- alle aksies uit te voer wat verband hou met of bydra tot die verwesenliking van Agri SA se missie, of sodanige ander aksies uitvoer wat na die mening van die Raad in direkte of indirekte belang van die landboubedryf kan wees;
- eer, op 'n gepaste wyse, persone wat Agri SA en/of landbou op 'n beduidende wyse gedien het, op voorwaarde dat dit nie aanleiding gee tot enige regte vir die betrokke persoon in ooreenstemming met hierdie Memorandum nie; en
- oor voldoende finansiële hulpbronne beskik, met inagneming van die belangrikheid van vrywillige lidmaatskapbydraes vir die legitimiteit van Agri SA as 'n verteenwoordigende organisasie wat sal verseker dat Agri SA sy mandaat deurloopend kan uitvoer.

## Waardes

Agri SA en sy lede:

- respekteer die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en voldoen aan die bepalings en beginsels daarvan in die formulering van beleid en verwante aktiwiteite;
- maak staat op privaat eiendomsreg en 'n vryemarkbenadering as hoekstene van welvaartskepping;
- fokus op landbou-meriete en tree op 'n a-politieke wyse op;
- bevorder volhoubare produksiepraktyke, ook ter ondersteuning van nasionale voedselsekerheid;
- sal altyd 'n onafhanklike standpunt oor beleidsake handhaaf;
- sal demokratiese beginsels in besluitneming toepas; en
- pas die aanvaarde beginsels van goeie korporatiewe bestuur toe.

**FOREWORD**  
BY THE PRESIDENT

**VOORWOORD**  
DEUR DIE PRESIDENT





**Jaco Minnaar**  
President

**South African farmers are famous for being highly adaptable and resilient. This has once again been proven this year, with the many unpredictable and unusual challenges they had to overcome.**

Internationally various factors had a big influence on input costs and markets. The aftermath of Covid-19 is still being felt, and transport systems are not yet functioning at full capacity. This especially impacted input supply, specifically that of electronic equipment, but also in export products. In comparison with the rest of the world, South African harbours perform poorly due to insufficient planning and poor productivity, which sets back exports.

The ongoing war between Russia and Ukraine still has an impact on input prices, with a significant part of the world's fertiliser coming out of the region. This also specifically impacts the price of grain and creates volatility in markets worldwide.

The increase in especially food prices and disturbances in transport and supply chains have a big impact on economies worldwide, with worldwide levels of inflation last seen in the 1980s. Interest rates across the world are adjusted upwards, and big economies struggle to adapt in this changing environment. Businesses never before needed to keep tread with the cost of capital.

The international environment has a big impact on the South African economy. The inflation rate is the highest since 2009, with food inflation as high as 14% in March 2023. This resulted in the lending rate of banks increasing by 4,75% recently. With agricultural debt of around R200 billion, this means an additional rent cost of R9 billion that must be carried by agriculture. Primary producers do not really have the means to transfer this additional cost to the consumer along with sharp increases in the input cost, and a big part of the cost had to be taken up by the value chain, but specifically by the producers themselves. The Land Bank's incapability to pay back depositors had a very negative effect on the bank's means to grant loans and to support agriculture with

Suid-Afrikaanse boere is bekend daarvoor dat hulle hoogs aanpasbaar en veerkragtig is. Dit is weer eens vanjaar bewys, met talle onvoorspelbare en ongewone uitdagings wat hulle die hoof moes bied.

Internasionaal het verskeie faktore 'n groot invloed op insetkoste en markte gehad. Die nadraai van Covid-19 word steeds ervaar, en vervoerkettings funksioneer nog nie teen volle kapasiteit nie. Dit het veral 'n uitwerking op insetverskaffing, veral van elektroniese toerusting, maar ook uitvoerprodukte. Teenoor die res van die wêreld presteer Suid-Afrikaanse hawens swak as gevolg van swak beplanning en swak produktiwiteit, wat uitvoer knou.

Die voortslepende oorlog tussen Rusland en Oekraïne het steeds 'n impak op insetpryse, met 'n betekenisvolle deel van die wêreld se kunsmis wat van dié gebied kom. Dit het ook 'n uitwerking op veral graanpryse en skeep baie volatilititeit in wêreldmarkte.

Die styging in veral voedselpryse en ontwrigtings in vervoer- en verskaffingskettings het 'n baie groot impak op die wêreld ekonomieë, met wêreldwye vlakke van inflasie wat laas in die 1980's gesien is. Rentekoerse is oral oor die wêreld opwaarts aangepas, en groot ekonomieë sukkel om aan te pas in hierdie veranderde omgewing. Besighede het nooit nodig gehad om rekening te hou met koste van kapitaal nie.

Die internasionale omgewing het 'n groot uitwerking op Suid-Afrika se ekonomie. Die inflasiekoers is die hoogste sedert 2009, met voedselinflasie wat in Maart 2023 so hoog as 14% was. Dit het veroorsaak dat die uitleenkoers van banke in die afgelope tyd met 4,75 persentasiepunte gestyg het. Met landbouskuld van sowat R200 miljard, beteken dit 'n addisionele rentekoste van R9 miljard wat deur landbou gedra moet word. Primêre produsente het nie werklik die vermoë om hierdie addisionele koste tesame met skerp verhogings in insetkoste deur te gee na die verbruiker nie, en moes 'n groot deel van die koste deur die waardeketting, maar veral die produsente self, opgeneem word. Die Land Bank se onvermoë om deposante terug te betaal het 'n baie negatiewe uitwerking op die bank se vermoë om lenings toe te staan en op dié wyse landbou met billike rentekoerse en kapitaal te ondersteun. Hierdie instrument moet volhoubaar herstel word.

Die hoër inflasie, rentekoerse en voedselpryse asook addisionele koste weens beurtkrag het duidelik 'n groot impak op die verbruiker, wie se besteding aansienlik getaan het en verbruikerspatrone wat verander. Dit is veral duidelik in die skuif van hoërwaardeprodukte na goedkoper produkte, soos 'n verandering van rooivleis na hoender of vark, en van pasta en ander stysels na brood of meliemeel. Maar selfs die basiese verbruik kom onder druk. Hierdie skuif en daling in vraag het gevolge op pryse gehad, 'n effek wat waarskynlik vir 'n tyd gaan voortduur en dopgehou moet word.

In die algemeen het dit regoor die land bo-normaal gereën, maar die uiterste reënval is weer gesien oor dele van die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal en die Vrystaat. Gewasse was nie noodwendig erg geraak nie, maar infrastruktuur soos veral paaie het daaronder gelei. Hierdie het tydelike ontwrigtings veroorsaak in die hawens, spoorweë en self padvervoer was vertraag, wat die lewering en kostes van produkte opgejaag het. Agri SA se Ramp- en Droogtehelpstigting het ondersteuning gebied in hierdie en ander

reasonable Interest rates and capital. This factor must be repaired sustainably.

The higher inflation, interest rate and food prices as well as additional costs because of load-shedding, clearly have a big impact on the consumer who's spending waned significantly, and consumer patterns that are changing. This is especially clear in the shift from high value products to cheaper products, such as the shift from red meat to chicken or pork, and from pasta and other starch to bread or mealie flour. But even the basic consumption is under pressure. This shift and decrease in demand had an impact on prices, an effect which will most likely continue for the time being and must be monitored.

In general, it rained above normal throughout the country, but the heaviest rainfall was again seen over parts of the Western Cape, KwaZulu-Natal and the Free State. Crops were not necessarily affected heavily, but infrastructure such as roads were impacted negatively. This resulted in temporary disturbances in harbours, railways, and even road transport, which chased up the supply and costs of products. Agri SA's Disaster and Drought Aid Foundation provided support in areas with these and other disasters and granted R1 092 605,00 for relief in the year of 2021-2022. Thank you to all the donors and the team who made it possible.

This decline in basic services compel everyone in the country to take over some of these services themselves – a task which actually lies with the government. With many countryside roads in decline due to the limited to no amount of state money spent on it, farmers jumped in to repair some of the damaged and neglected roads themselves. In this way, many businesses and communities got together and started providing services where the state failed. BUSA and B4SA sent a big effort from staple to find solutions and implement mechanisms together with the state to address crime, corruption, infrastructure, and economic growth. Here reasonable progress is being made.

In South Africa with a failing government, Agri SA had to make sure that we are still relevant and involved in finding solutions instead of simply giving critique from the sideline. We truly make progress in this way and can truly see that our inputs make a difference to the farmers on the ground.

The masterplan for the agriculture and agricultural processing, which was signed in April 2022, serves as a testimony to this. The role players in the industry put their best leaders together and developed the plan that identifies problems and obstacles, but also give clear solutions and goals – a conjoined strategy for all role players to strive to. The plan is based on growth in agriculture, and by establishing growth to create opportunity for existing and new entrants to be sustainable, of which a profitable nature is of cardinal importance. It is a holistic plan, which focuses on the whole value chain, right to the end-consumer, local or global.

Crime and security in South Africa remain a big problem, especially in the countryside and on the farms. A lot of attention is given to ensuring the rural security plan is implemented and applied nationally. Reasonable successes are achieved once again where communities work together, and the police are made a part of the structures. The still growing camera networks across the countryside are very successful, and together with the connection

rampe, en het in die 2021-2022 jaar R1 092 605,00 bewillig vir verligting. Baie dankie aan die skenkers en die span wat dit moontlik gemaak het.

Die verval in basiese dienste noop almal in die land om self van hierdie dienste oor te neem - 'n taak wat eintlik by die regering lê. Talle plattelandse paaie verval weens min tot geen staatsgeld wat daaraan bestee word nie, en het boere ingespring om van hierdie beskadigde en swak onderhoude paaie self te herstel. So het talle besighede en gemeenskappe ook bymeakaargekom en dienste begin lewer waar die staat faal. BUSA en B4SA het 'n groot poging van stapel gestuur om saam met die staat oplossings en implementeringsmeganismes te vind om misdaad, korrupsie, infrastruktuur en ekonomiese groei aan te spreek. Hier word redelik vordering gemaak.

In Suid-Afrika met 'n falende regering, moes ons as Agri SA ook seker maak dat ons nog relevant is en betrokke is om oplossings te vind, eerder as om net kritiek te lewer van die kantlyn af. Ons maak werklik vordering op dié manier en kan werklik sien dat ons insette uiteindelik 'n verskil maak vir die boer op grondvlak.

Die meesterplan vir landbou- en landbouverwerking wat in April 2022 onderteken is, spreek ook daarvan. Die rolspelers in die bedryf het hul beste leiers bymeakaargesit en die plan ontwikkel wat probleme en hindernisse identifiseer, maar dan duidelike oplossings en doelwitte daarstel. Dit verseker 'n gesamentlike strategie vir al die rolspelers om na te streef. Die plan is geskoei op groei in landbou, en deur groei te bewerkstellig, geleentheid te skep vir bestaande en nuwe toetreders om volhoubaar te wees, waarvan winsgewendheid natuur kardinaal deel is. Dit is 'n holistiese plan wat op die hele waardeketting fokus, tot by die eindverbruiker, plaaslik of oorsese.

Misdaad en veiligheid in Suid-Afrika bly 'n baie groot probleem, maar veral so in die platteland en op die plase. Baie aandag word geskenk om seker te maak die landelike veiligheidsplan word nasionaal geïmplementeer en toegepas. Daar word reeds redelike suksesse behaal; weer eens waar gemeenskappe saamwerk en die polisie deel gemaak word van strukture. Die steeds groeiende kameranetwerke regoor die platteland is baie suksesvol, en met die inskakeling by die polisie se databasis en skakeling tussen distrikte maak dit 'n groot verskil aan misdaad-intelligensie. Hier lê egter nog baie werk voor en met die swakker ekonomie gaan misdaad net toeneem. Die Agri Securitas Trustfonds het oor die afgelope jaar ongeveer R2 miljoen bewillig om veiligheidsprojekte in landelike gemeenskappe te ondersteun om hulself te beveilig en misdaad te voorkom. Ons is baie dankbaar vir die skenkers en personeel wat hierdie inisiatief ondersteun.

Die skielike verhoging in beurtkrag vanaf November 2022 het 'n wesentlike uitwerking op veral besproeiingsboere gehad. Verskeie gesprekke is met Eskom gevoer om die impak te probeer verlig, en verskeie voorstelle en oplossings is op die tafel gesit. Die meeste hiervan kry daadwerklike aandag, met verligting wat in sekere gebiede ervaar word. Elektrisiteitsvoorsiening gaan egter in die voorsienbare toekoms 'n groot probleem bly, en alternatiewe energiebronne bly maar die oplossing. Die belastingverligting en ander konsessies deur die staat as gevolg van volgehoue druk deur Agri SA en ander partye gaan met hierdie ontwikkeling help.

to the police database and working with districts make a big difference to crime intelligence. There is, however, still a lot of work that needs to be done and with the weaker economy crime will continue to increase. The Agri Securitas Trust fund granted around R2 million in the last year for security projects in rural areas to support communities to secure themselves and prevent crime. We are very thankful for the donors and staff who support this initiative.

The sudden increase in load-shedding from November 2022 had a substantial impact on especially irrigation farmers. There were numerous discussions with Eskom to try to relieve the impact, and several suggestions were brought to the table. The most of these are getting thorough attention, with relief felt in certain areas. Electricity supply will, however, remain a big problem in the foreseeable future and alternative energy sources remain the solution. The tax relief and other concessions by the state due to continued pressure by Agri SA and other parties will help with this development.

The South African labour landscape are getting more and more challenging, along with the increase of the minimum wage with 9,1% in the beginning of 2022. Numerous investigations showed that labour cost in South Africa, especially in the labour-intensive sectors, have a big impact on the ability of these sectors to be able to compete internationally. This is a big concern for us, and much work is being done to influence wage increases by providing good data. In the country with the highest unemployment rate in the world, labour should be our competitive advantage. Creating jobs must be a priority. Agri SA sees and promotes continuous training and increase in productivity to specifically promote competitiveness.

A very important court case about the transfer of water rights was won in the Appeal Court and now forces the state to abide by its own legislation and transfer water rights. This court case's implication is wider than just water rights and can have a big impact on any legislation or permit systems, but can possibly include property right. The recent publication of the suggested amendments of laws on water rights can also be catastrophic, and several conversations were had and commentary were given on the subject.

When conversation and influencing does not lead anywhere, Agri SA does not shy away from court cases. The recent past proves this through involvement in the Jakkalsdans case on expropriation and valuations, the Lötter and Wiid court case on the transfer of water rights, as well as the current involvement in the Melandora court case, which judge the transfer of ESTA tenancy rights and grazing rights to following generations. The courts are, however, always seen as a last resort.

To Agri SA, private property right stays the cornerstone of a good economic system and economic growth, and protection of it is essential. Inclusive growth can only happen through this and therefore it is also the centre of sustainable transformation as described in the masterplan. Agri SA is constantly busy to influence policy to promote property transfer to beneficiaries of land reform projects and by so doing, unlock the economic worth of the land. The mixed financing model, which has been brought to the table a while ago, together with good partnerships, is of utmost importance for sustainable and inclusive growth.

Die Suid-Afrikaanse arbeidslandskap raak al hoe meer uitdagend, met die minimumloon wat vroeg in 2022 met 9,1% verhoog is. Verskeie ondersoeke wys daarop dat arbeidskoste in Suid-Afrika, veral vir die arbeidsintensiewe bedrywe, 'n groot uitwerking het op dié sektore se vermoë om internasionaal mee te ding. Hierdie saak is vir ons 'n groot kommernis en baie werk word gedoen om die loonverhogings te beïnvloed deur goeie data te voorsien. In die land met die hoogste werkloosheid ter wêreld, behoort arbeid juis ons mededingende voordeel te wees. Werkskepping moet prioriteit wees. Agri SA sien en bevorder deurlopende opleiding en verhoging in produktiwiteit om spesifiek mededingendheid te bevorder.

'n Baie belangrike hofspraak aangaande die oordrag van waterregte is in die Appèlhof gewen, en dwing nou die staat om sy eie wetgewing na te kom om waterregte oor te dra. Hierdie hofspraak se implikasies is wyer as net waterregte, en kan groot impak hê op enige lisensiering of permitstelsels, maar kan moontlik ook eiendomsreg insluit. Die onlangse publiserings van die voorgestelde wysigings van wetgewing oor waterregte kan ook katastrofies wees, en verskeie gesprekke is gevoer en kommentaar daaroor gelewer.

Wanneer gesprekvoering en beïnvloeding nie meer werk nie, skroom Agri SA nie om in te gryp met hofsake nie. Die onlangse verlede bewys dit deur betrokkenheid by die Jakkalsdans-saak oor onteining en waardasies, die Lötter en Wiid-hofspraak oor die oordrag van waterregte, sowel as die betrokkenheid tans by die Melandora-hofspraak wat oordrag van ESTA-verblyfregte en weidingsregte na volgende geslagte beoordeel. Die howe word egter altyd as die laaste uitweg gesien.

Private eiendomsreg bly vir Agri SA die hoeksteen van 'n goeie ekonomiese stelsel en -groei, en die beskerming daarvan is noodsaaklik. Inklusiewe groei kan net hierdeur geskied, en derhalwe is dit ook die middelpunt van volhoubare transformasie soos in die meesterplan omskryf. Agri SA is deurentyd besig om beleid te beïnvloed om eiendoms-oordrag na begunstigdes van grondhervormingsprojekte te bevorder om so die ekonomiese waarde van die grond te ontsluit. Die gemengde finansieringsmodel wat al 'n geruime tyd op die tafel is, saam met goeie vennootskappe, is noodsaaklik vir volhoubare inklusiewe groei.

The coming 2024 national election ushers in a new era with a lot of insecurity and very little predictableness, and most likely challenging times. Therefore, Agri SA and its structures must position themselves in a way to be able to adapt more and faster. The failing state compels us to spend more of our time and attention on solutions. Be assured that Agri SA and its experienced staff members are ready for the challenges.

Thank you to all the highly capable staff of Agri SA, who daily carry the interests of members and promote the case of the producer on ground level. You make a big difference and ensure that we can farm and pay attention to production while you fight for us.

Agri SA's chief executive officer indicated that he would be retiring in October 2023, and Agri SA heartily thanks Christo for his hard work. In a difficult time, full of great uncertainty, Christo took the steer and immediately played a big part in reassuring our farmers on the ground and to build up trust, and also to increase our media exposure significantly. We wish Christo a peaceful retirement, with big gratitude.

To the board of Agri SA, a big thank you for your involvement and commitment to Agri SA, and your direction and the support you provide to the organisation.

God bless Agri SA, to Him all the glory!



**Jaco Minnaar**  
President

Die komende 2024 nasionale verkiesing lui 'n tydperk in met baie onsekerheid en baie min voorspelbaarheid, en waarskynlik baie uitdagende tye. Gevolglik moet Agri SA en sy strukture hulself so posisioneer om nog meer en vinniger aan te pas. Die mislukkende staat noop ons om meer van ons tyd en aandag en oplossings te bestee. Wees verseker dat Agri SA en sy kundige personeelkorps vir die uitdagings gerat is.

Baie dankie aan die uiters bekwame personeel van Agri SA, wat elke dag die lede se belang dra en die produsent op grondvlak se saak bevorder. Julle maak 'n groot verskil en maak dat ons kan boer en ons aandag aan produksie skenk, terwyl julle vir ons veg.

Agri SA se hoof- uitvoerende beampte het aangedui dat hy Oktober 2023 gaan aftree, en Agri SA bedank Christo van der Rheede graag vir sy harde werk. Christo het in 'n moeilike tyd van baie onsekerheid die leiding oorgeneem en dadelik 'n groot impak gemaak om ons boere op grondvlak gerus te stel en weer vertroue gebou, en ook ons blootstelling in die media aansienlik te verhoog. Ons wens Christo 'n rustige aftrede toe, met groot waardering vir sy toewyding.

Aan die direksie van Agri SA, groot dank vir jul betrokkenheid en vertroue in Agri SA, en jul rigting en ondersteuning wat julle aan die organisasie verskaf.

God seën Agri SA, aan Hom alle eer!



**Jaco Minnaar**  
President







# OVERVIEW

BY THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

# OORSIG

DEUR DIE HOOF- UITVOERENDE  
BEAMPTTE





**Christo van der Rheede**

Chief executive officer | Hoof- uitvoerende beampte

The Latin phrase *acta, non verba* (deeds not words) aptly encapsulates the value proposition of Agri SA. A value proposition characterised by actions and not merely words. All aimed at ensuring the realisation of Section 27 of our National Constitution that requires that all South Africans should have access to food.

In this respect, our farmers fulfil a critical role to supply affordable, quality, healthy, and regularly available food to the country. It is not land, but expertise and passion that produce food.

Hence, it is Agri SA's role to nurture, protect and grow such expertise. We do so by promoting the development, profitability, stability, and sustainability of agriculture in South Africa. And by focusing on primary production, because this forms the basis of the agricultural value chain. Without farmers, the entire agricultural value chain will come to a standstill.

It is farmers that require all sorts of inputs supplied by companies specialising in technology, seed, fertiliser, diesel and many more products and services. It is farmers that use these inputs to produce and harvest produce. The latter is purchased by agri-businesses, processing companies, market agents and retailers to process, package, transport and sell it to local, global markets and customers.

The farmer is also instrumental in regularly producing quality, healthy food produce. It is also farmers that bear the biggest risk, because there are so many variables that do have an impact on the quality, quantity and availability of any produce.

It is therefore the mission of Agri SA to, through its involvement and input on a national and international policy level, protect, advance and grow the interests of the primary producer.

This mission finds expression in three key focus areas of Agri SA focuses namely legislation, advocacy and facilitation.

Die Latynse term *acta, non verba* (dade, nie woorde nie) is 'n raak beskrywing van Agri SA se waardeproposisie – 'n waardeproposisie gekenmerk deur aksie, nie bloot woorde nie. Die doel is om te voldoen aan artikel 27 van ons Nasionale Grondwet, wat bepaal dat alle Suid-Afrikaners toegang tot voedsel moet hê.

In hierdie opsig vervul ons boere 'n kritiek belangrike rol om konsekwent bekostigbare, gesonde en goeie gehalte voedsel aan die land te voorsien. Dit is nie grond nie maar eerder kundigheid en passie wat voedselproduksie moontlik maak.

Daarom is dit Agri SA se rol om sodanige kundigheid te koester, te beskerm en uit te bou. Ons doen dit deur die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van landbou in Suid-Afrika te bevorder, en deur te fokus op primêre produksie as die basis van die landbouwaardeketting. Sonder boere sal die hele landbouwaardeketting tot stilstand kom.

Boere het verskeie insette nodig wat verskaf word deur maatskappye wat spesialiseer in tegnologie, saad, kunsmis, diesel en vele ander produkte en dienste. Boere gebruik dan hierdie insette om produkte te produseer en te oes. Laasgenoemde word deur agri-ondernemings, verwerkingsmaatskappye, markagente en kleinhandelaars aangekoop vir verwerking, verpakking, vervoer na en verkoop aan plaaslike of globale markte en kliënte.

Boere is instrumenteel in die voortdurende vervaardiging van goeie gehalte, gesonde voedselprodukte en dra ook die grootste risiko omdat daar soveel veranderlikes is wat wel 'n impak op die gehalte, hoeveelheid en beskikbaarheid van enige produk het.

Dit is dus Agri SA se missie om deur sy betrokkenheid en insette op nasionale en internasionale beleidsvlak, die belange van die primêre produsent te beskerm, te bevorder en uit te brei.

Hierdie missie vind uitdrukking in drie sleutelfokus-areas van Agri SA, naamlik wetgewing, voorspraak en fasilitering. Beleidswetgewing kan enige sektor maak of breek en dit is 'n sleutelfunksie van Agri SA om alle voorgestelde regulasies, wetsontwerpe en ander beleid te bestudeer en te bespreek om te bepaal of dit sal bydra tot 'n bevorderlike en ondersteunende omgewing vir die landbousektor. Die onbedoelde gevolge van beleidsvoorstelle wat 'n teenoorgestelde uitwerking kan hê, word ook deur middel van voorleggings uitgewys en betwis, of aan geregtelike ondersoek en selfs regsaksie onderwerp.

Die voorspraakrol van Agri SA word verwoord deur die kommunikasiestrategie wat die organisasie ontplooi het. Sake van nasionale belang word in die visuele, klank-, gedrukte en sosiale media uitgelig. Dit vind ook uitdrukking in meningstukke, nuusberigte, veldtogte en in gesprekke met verskeie belanghebbendes.

Die fasiliteringsrol word gekenmerk deur persoonlike gesprekvoering met die uitsluitlike doel om in te lig, te bespreek, te debattee, konsensus te bereik en die beste moontlike oplossing vir die uitdaging en die implementering daarvan te vind.

Die vyf sentra van uitnemendheid, naamlik Grondsake, Natuurlike Hulpbronne, Arbeidsake, Landelike Veiligheid, en Ekonomie ook bekend as die hartklop van Agri SA, bied diepduikprogramme en -projekte aan wat die bogenoemde drie fokus-areas ondersteun.

Policy legislation can make or break any sector and it is a key function of Agri SA to study and discuss all proposed regulations, bills and other policies to determine whether it will contribute to a conducive and supportive environment for the agricultural sector. The unintended consequences of policy proposals that may have an opposite effect are also identified and challenged through submissions or subjected to judicial scrutiny and even court action.

The advocacy role of Agri SA is articulated through the communication strategy deployed by Agri SA. Issues of national interest are highlighted in the visual, audio, print, and social media. It also finds expression in opinion pieces, news releases, campaigns, and in engagements with various stakeholders.

Its facilitation role is characterised by face-to-face engagements with the sole purpose to inform, discuss, debate, reach consensus and determine the best possible solution to the challenge and the implementation thereof.

The five Agri SA's Centres of Excellence, namely Land, Natural Resources, Labour, Rural Safety, and Economics also known as the heartbeat of Agri SA, host and drive the deep dive programmes and projects underpinning the three focus areas.

Allow me to expand in detail on each of these focus areas:

## Legislation

Agri SA actively participates in the influencing of legislation and policy development via Business Unity South Africa (BUSA), the National Economic Development and Labour Council (Nedlac), or independently. It is required of our heads of the various Centres of Excellence to immediately identify and circulate new legislation and policies for comment. To submit comments within stipulated timeframes and to monitor the legislative process until enactment or challenge where it is found to be detrimental to Agri SA's policy position.

In a crucial victory for the holders of water rights in South Africa, the Constitutional Court dismissed the appeal by the Department of Water and Sanitation (DWS) in the case on the transferability and trade in water use entitlements, also known as the *Lötter* and *Wiid* case. Agri SA supported and paid for the legal costs in the *Lötter* and *Wiid* matter from the outset.

The Court conclusively ruled that water rights holders are entitled to transfer such rights in accordance with the provisions of the National Water Act. It also confirmed that receiving financial compensation for transferred water use entitlements is neither prohibited nor unlawful in South Africa.

The unanimous verdict, of the Constitutional Court delivered by Judge Madlanga, follows the November 2021 victory by the applicants in the *Lötter, Wiid and South African Association for Water Users Associations* (SAAFWUA) matters in the Supreme Court of Appeal.

The matter emanated from a circular issued in January 2018 in which the DWS determined that water use entitlements could not be transferred. The circular contradicted the provisions of

Laat my toe om in detail uit te brei oor elk van hierdie fokus-areas:

## Wetgewing

Agri SA neem aktief deel aan die beïnvloeding van wetgewing en beleidsontwikkeling via Besigheidseenheid SA (BUSA) en die Nasionale Ekonomiese, - Ontwikkelings- en Arbeidraad (Nedlac), asook onafhanklik. Daar word van die hoofde van Agri SA se sentra van uitnemendheid verwag om onmiddellik nuwe wetgewing en beleid te identifiseer en te sirkuleer vir kommentaar. Kommentaar moet gelewer word binne die bepaalde spertye en die wetgewende proses moet gemonitor word tot en met goedkeuring daarvan, of beswaar moet aangeteken word indien dit blyk nadelig te wees vir Agri SA se beleidsposisie.

In 'n belangrike oorwinning vir waterreghouers in Suid-Afrika het die Konstitusionele Hof die Departement van Water en Sanitasie (DWS) se appèlaansoek aangaande die oordraagbaarheid van, en handel in, watergebruiksregte, ook bekend as die *Lötter*- en *Wiid*-saak, van die hand gewys. Agri SA het van die begin af die saak ondersteun en die regskoste gedek.

Die hof het beslis dat waterreghouers sodanige regte mag oordra ingevolge die bepaling van die Nasionale Waterwet. Die hof het ook bevestig dat finansiële vergoeding vir sodanige gebruiksregte nóg verbode nóg onwettig in Suid-Afrika is.

Die eenparige uitspraak van die Konstitusionele Hof, gelewer deur regter Madlanga, volg op die November 2021-oorwinning deur die applikante in die *Lötter*-, *Wiid*- en *Suid-Afrikaanse Assosiasie van Watergebruikersverenigings* (SAAFWUA)-appèlsake.

Die saak spruit uit 'n omsendbrief in Januarie 2018 waarin die Departement van Water en Sanitasie (DWS) bepaal het dat watergebruiksregte nie oorgedra mag word nie. Die omsendbrief was teenstrydig met die bepaling van artikel 25 van die Nasionale Waterwet, asook die DWS se eie vertolking van die Wet en sy gevestigde praktyk rakende die oordrag van watergebruiksregte, wat geld sedert 1998 toe die wet in werking getree het.

## Voorspraak

Agri SA maak aktief voorspraak vir beleid wat die landbou-omgewing gunstig beïnvloed. Beleidsvoorstelle of konsep-regulasies wat die teenoorgestelde tot gevolg sal hê, word bestudeer en in die media gekritiseer.

Die Agri SA-span het ook kritieke sake geïdentifiseer wat die landboubedryf raak en die implikasies daarvan weekliks in die gedrukte sowel as visuele media gekommunikeer. Dit is ook aangewend as 'n meganisme om by die regering voorspraak te maak en om die persepsies van die publiek ten gunste van die landbousektor te verander en bewustheid van Agri SA te verhoog.

Een sodanige voorgestelde regulasie – die hersiene *Regulations regarding the Procedural Requirements for Water Use Licence Applications and Amendments* – is vroeër vanjaar deur die DWS gepubliseer. Volgens die konsep-regulasies sal ondernemings wat in die toekoms aansoek doen vir lisensies om water te bekom of te stoor, aandeel van tot 75% aan swart Suid-Afrikaners moet toeken voordat sodanige watergebruikslisensies aan hulle toegestaan sal word.

section 25 of the National Water Act as well as the DWS's own interpretation of the law and its established practices in water use entitlement transfers, dating from 1998 when the Act came into effect.

## Advocacy

Agri SA actively advocates for policies that support a conducive environment in which the agricultural sector can flourish. Policy proposals or draft regulations that are set to achieve the opposite are scrutinised and challenged in the media.

The Agri SA team also identified critical issues affecting the agricultural industry and communicate the implications of such in the print and visual media on a weekly basis and used it as a lobbying mechanism to lobby government, change public perceptions in favour of the agricultural sector and inform and grow public awareness of Agri SA.

One such proposed regulation, the revised *Regulations regarding the Procedural Requirements for Water Use Licence Applications and Amendments* was published earlier this year by the DWS. According to the draft regulations, enterprises applying for water use licenses to take or store water, in the future would have to allocate shares of up to 75% to black South Africans in order for such water use licenses to be granted.

Agri SA launched a comprehensive media campaign to highlight the consequences for food security and the sustainability of the agricultural sector should these regulations be passed in the form as outlined in the above paragraph. The DWS contacted Agri SA to engage and during the conversation it was made clear that the regulation was only applicable to new license applications.

The issue of biosecurity is a big challenge for the South African agricultural sector. Agri SA highlighted these concerns in our engagement with the minister of Agriculture and on various media platforms. A task team was subsequently established to investigate these challenges and to compile a report. The report by the task team on Animal Biosecurity comes amid a vaccine shortage that is wreaking havoc in the livestock sector.

It also detailed numerous and serious failings in the veterinary and animal biosecurity systems in the country, describing the systems as 'broken'. The problems identified are far-reaching, from institutional design and budgetary constraints to production constraints at Onderstepoort Biological Products Limited (OBP). These findings also validated the concerns the sector repeatedly raised and highlight the magnitude of the threat biosecurity failures pose to the country's food security.

Of critical importance though was the commitment by the minister of Agriculture to in partnership with the sector, tackle the problems identified with greater urgency. This matter was also prioritised by the Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development (DALRRD). Agri SA still maintains that the management of OBP, who is responsible for the timely manufacturing of vaccines, and other DALRRD officials responsible for biosecurity management must be held accountable for failing to act timeously on the recommendations in the report.

Agri SA het 'n omvattende mediaveldtog van stapel gestuur om uit te wys wat die gevolge vir voedselsekerheid en die volhoubaarheid van die landbousektor sal wees indien hierdie regulasies deurgevoer word, soos uiteengesit in bogenoemde paragraaf. Die DWS het Agri SA genader om betrokke te raak en dit duidelik gemaak tydens die gesprek dat die regulasies slegs van toepassing op nuwe lisensie-aansoeke is.

Die kwessie van biosekuriteit is 'n groot uitdaging vir die Suid-Afrikaanse landbousektor. Agri SA het sy kommer uitgespreek tydens skakeling met die minister van Landbou en op verskeie mediaplatforms. 'n Taakspan is daarna op die been gebring om hierdie uitdagings te ondersoek en 'n verslag saam te stel. Die taakspan se verslag oor diere-biosekuriteit kom te midde van 'n entstoftekort wat verwoesting in die veesektor saai.

Die verslag verwys ook na talle ernstige tekortkominge in die veeartsenykundige en diere-biosekuriteitstelsels in die land en beskryf hierdie stelsels as 'gebroke'. Die probleme wat geïdentifiseer is, is verreikend, en strek vanaf institusionele ontwerp- en begrotingstekorte tot produksiebeperkings by Onderstepoort Biologiese Produkte Beperk (OBP). Hierdie bevindings bevestig ook die kommer wat die sektor herhaaldelik uitgespreek het en beklemtoon die omvang van die bedreiging wat 'n gebrek aan biosekuriteit vir voedselsekerheid in die land inhou.

The report also highlighted decision-making processes in government characterised by a distrust of the private sector. This has led to a repeated refusal to facilitate greater private sector involvement in this space, a concern the sector has raised repeatedly. Agri SA has called for the speedy resolution of this problem now that the issues had been identified as an impediment to effective biosecurity. This is the only way to ensure that the country has sufficient and readily available vaccines and that timely interventions are implemented to prevent and manage animal disease outbreaks.

Another challenge relates to the high levels of load-shedding experienced by the country and in particular the agricultural sector. Agri SA was called upon by its affiliates to highlight this issue in the media. The minister of Agriculture called on all role players to meet and a task team was born out of this to find solutions to the crisis.

Eskom was also urged to enhance interventions by the National Energy Crisis Committee in terms of the Energy Action Plan as the consequences of this crisis are far-reaching. South Africa has already seen food prices soar due to rising input costs caused by a weaker rand and after the invasion of Ukraine by Russia. With food inflation now at a reported 14%, the addition of the cost of load-shedding can only put more pressure on consumers and producers alike.

Notwithstanding what was promised under the short-lived State of Disaster, the country continues to languish in this crisis, impacting negatively on the ongoing viability of farming and food production operations in South Africa. However, due to Agri SA's engagement with Eskom, there have already been interventions like load curtailment had already been piloted and shown to work effectively.

## Facilitation

Agri SA actively facilitate engagements between the sector and government. Various such facilitation sessions took place last year. Agri SA met with ministers Thoko Didiza and Pravin Gordhan on logistical challenges at Transnet.

Meetings also took place between minister Enoch Gondongwana to discuss financing in agriculture, focusing on the Land Bank, and with deputy minister of Finance, David Masedo, to discuss the Infrastructure Plan of government related to roads, harbours, telecommunication, water and energy.

Minister Patricia de Lille also invited Agri SA to present solutions to the land question during a Land Reform webinar. Discussions with the Director General of the Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development (DALRRD) took place on disaster issues such as the locust outbreak in the Northern Cape and the reparation of floodwalls alongside the Orange River. A meeting with the office of the deputy director-general of the Expanded Public Works Programme was also held to discuss possible collaboration and partnerships between the agricultural sector and the Department of Public Works.

Agri SA was also invited to a virtual meeting with President Cyril Ramaphosa and Agri SA's biggest exporters to discuss the

Van kritieke belang was egter die minister van Landbou se onderneming om, in vennootskap met die sektor, die probleme met groter dringendheid aan te pak. Die saak is ook deur die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike ontwikkeling (DALRRD) geprioritiseer. Agri SA hou steeds vol dat die OBP-bestuur, wat verantwoordelik is vir die tydigse vervaardiging van entstowwe, asook ander DALRRD-amptenare wat verantwoordelik is vir biosekuriteitsbestuur, aanspreeklik gehou moet word omdat hulle nie betyds op die aanbevelings in die verslag gereageer het nie.

Die verslag beklemtoon ook die besluitnemingsprosesse in die regering, wat gekenmerk word deur wantroue in die private sektor. Die landbousektor het die regering se onwilligheid om groter betrokkenheid deur die private sektor te fasiliteer herhaaldelik uitgelig. Agri SA het 'n beroep gedoen op die regering om die probleem spoedig aan te spreek noudat dit uitgewys is as 'n struikelblok tot doeltreffende biosekuriteit. Dit is die enigste manier om te verseker dat die land voldoende en gereedlik beskikbare entstowwe het en dat tydigse ingrypings geïmplementeer word om dieresiektes te voorkom en te bestuur.

'n Verdere uitdaging hou verband met die hoë vlakke van beurtkrag wat die land en veral die landbousektor ervaar. Agri SA is deur sy affiliasies versoek om hierdie kwessie in die media uit te lig. Die minister van Landbou het alle rolspelers genooi om byeen te kom, waar 'n taakspan aangestel is om oplossings vir die krisis te vind.

Eskom is ook gevra om ingrypings deur die Nasionale Energiekrisis Komitee ingevolge die energie-aksieplan op te skerp, aangesien die gevolge van hierdie krisis verreikend is. Suid-Afrika het reeds 'n toename in voedselpryse gesien weens stygende insetkoste wat deur 'n swakker rand en die oorlog tussen Rusland en Oekraïne veroorsaak is. Met voedselinflasie, wat nou na bewering op 14% staan, sal die bykomende koste wat beurtkrag meebring verdere druk op verbruikers sowel as produsente plaas.

Ongeag wat beloof was onder die kortstondige Ramptoestand, kwyn die land steeds weens die negatiewe uitwerking van die krisis op die lewensvatbaarheid van boerdery- en voedselproduksie-aktiwiteite in Suid-Afrika. Danksy Agri SA se skakeling met Eskom, is daar egter reeds ingrypings soos ladingvermindering geloods, wat blyk suksesvol te wees.

## Fasilitering

Due to favourable rainfall conditions during 2021, 2022 and 2023, runaway fires have been an increased risk for many producers across various provinces. In April and July 2022 Agri SA, in partnership with Santam, Kisugu Aviation and Dräger, hosted webinars aimed at fire safety, insurance and training. These webinars were considered a great success by almost 1 000 attendees. Agri SA also issued CPD certificates to those attending from the insurance industry. While fire protection associations are autonomous structures these webinars serve as a mitigation instrument to empower landowners with information to reduce their risk to veldfires.

Agri Limpopo has informed that devastating wildfires have burnt more than 50 000 hectares of veld between Potgietersrus and Polokwane between 14-18 August 2022. A variety of livestock have been affected by the inferno and they were in urgent need of fodder. The hot weather and strong winds contributed to the rapid and devastating spread of this fire, which destroyed all game and cattle grazing. Water supply in the area is also a problem as power cables have burnt out. The moratorium banning the transport of cattle (foot and mouth disease) at that time added to the pressure. R100 000 was donated to Agri Limpopo to assist with the procurement of disaster aid.

## Locust and Red-billed Quelea Outbreaks

In March 2022, the locust outbreaks in various provinces were considered the worst in 25 years. This has resulted in inadequate pesticide supply, delayed payments to locust officers, logistical and communications problems between the Department of

Die droogtetoestande het in 2023 voortgeduur tot en met April/Mei. Die DRF, met 'n skenking van Santam, ADM, Agri Limpopo en private instansies, het dit moontlik gemaak om meer as 380 produsente in die Noord-Kaap, Wes-Kaap en Oos-Kaap by te staan. 'n Totale bedrag van R498 130 is aan die geaffilieerde lede geskenk.

In die Oos-Kaap is die volgende gebiede geraak: Cockscomb, Fullarton-Miller, Steytlerville en 'n sekere gebied van Willomore. In die Wes-Kaap: Kliprand, Bitterfontein en Landplaas in die Matzikama Plaaslike Munisipale Distrik. In die Noord-Kaap: Garies-, Kamieskroon-, Boesmanland- en Richtersveld-distrikte.

## Brande

As gevolg van gunstige reënvaltoestande gedurende 2021, 2022 en 2023 was wegholbrande 'n groter risiko vir baie produsente in verskeie provinsies. In April en Julie 2022 het Agri SA, in vennootskap met Santam, Kisugu Aviation en Dräger, webinare met betrekking tot brandveiligheid, versekering en opleiding aangebied. Hierdie webinare is deur nagenoeg 1 000 deelnemers as 'n groot sukses beskou. Agri SA het ook CPD-sertifikate uitgereik aan persone in die versekeringsbedryf wat die webinare bygewoon het. Terwyl brandbeskermingsverenigings outonome strukture is, dien hierdie webinare as 'n versagtingsinstrument om grondeienaars met inligting te bemagtig en sodoende hul risiko vir veldbrande te verminder.

Agri Limpopo het laat weet dat verwoestende veldbrande tussen 14 en 18 Augustus 2022 meer as 50 000 hektaar veld tussen Potgietersrus en Polokwane afgebrand het. 'n Verskeidenheid vee is deur die inferno geraak en hulle het dringend voer nodig gehad. Die warm weer en sterk winde het bygedra tot die vinnige en verwoestende verspreiding van dié brand, wat alle wild- en beesweiding vernietig het. Watervoorsiening in die gebied is ook 'n probleem aangesien kragkabels uitgebrand het. Die moratorium wat die vervoer van beeste (bek-en-klouseer) destyds verbied het, het tot die druk bygedra. R100 000 is aan Agri Limpopo geskenk om te help met die verkryging van ramphulp.

## Sprinkaan- en Rooibekvink-uitbrake

In Maart 2022 is die sprinkaanuitbrake in verskeie provinsies beskou as die ergste in 25 jaar. Dit het 'n tekort aan plaagdodervoorrade, vertraagde betalings aan sprinkaan-beamptes, logistieke- en kommunikasieprobleme tussen die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) en sprinkaanbeamptes, onvoldoende beskermingstoerusting, asook die mobilisering van lugondersteuning, tot gevolg gehad. Georganiseerde landbou het weekliks JOC-vergaderings met DALRRD bygewoon om sake te verhaas en oplossings vir die bestuur van die ramp voor te stel. Agri SA het ook weeklikse vergaderings met provinsiale affiliasies gereël om die probleme wat boere op grondvlak ervaar, te bespreek. Dit was 'n nuttige manier om risiko's en potensiele rampe rondom sprinkaanuitbrake te bestuur.

Rooibekvink word beskou as 'n plaag wat deur DALRRD gehanteer word. Verskeie besware is gelug rakende kontrakte, plaagdoders en die algehele bestuur van dié plaag. Agri SA het met DALRRD geskakel om die tenderprosesse te bespoedig met die oog op tydig plaagbestuur. Agri SA en sy geaffilieerde lede het in 2022 by DALRRD versoë gerig om meer plaagdodervoorrade by Avima te verkry wanneer tekorte voorkom.

Agriculture, Land Reform and Rural Development (DALRRD) and locust officers, insufficient PPEs and mobilising aerial support. Organised agriculture attended weekly JOC meetings with the DALRRD to streamline issues and propose solutions in managing this disaster. Agri SA also organised weekly meetings with provincial affiliates to discuss issues farmers experienced on grassroot level. This is a useful manner of managing risks and potential disasters around locust outbreaks.

Red-billed queleas are also considered a pest, which is managed by DALRRD. Various concerns were raised regarding contracts, pesticides and the overall management of this pest and Agri SA engaged with DALRRD to expedite tender processes to ensure that timeous pest management takes place. Agri SA and affiliated members lobbied DALRRD during 2022 to secure more pesticide supply by Avima when national shortages occurred.

## Flooding

Flooding was considered an existential risk to agriculture and public infrastructure in the last three years. The National Disaster Management Centre (NDMC) classified the flooding, spanning across various provinces, as a national disaster in February 2023. This is especially because of the fact that the capacity and resources within provincial departments were exceeded to manage the disaster.

Mpumalanga and the Eastern Cape provinces were the most affected. Agri SA attended various National Joint Flood Coordination Committee (NJFCC) meetings to ensure concerns by members were addressed on a national level. These included concerns raised pursuant to the dam and river flow, flood plains in KZN and others. The NDMC advised that they are awaiting approval from National Treasury on allocation provided to provinces for flood relief.

As of April 2023, National Treasury has not indicated how much funding will be made available for the requests submitted.

## Oorstromings

Oorstromings is beskou as 'n bestaansrisiko vir die landbou- en openbare infrastruktuur oor die afgelope drie jaar. Die NDMC het in Februarie 2023 die oorstromings wat oor verskeie provinsies heen voorgekom het as 'n nasionale ramp verklaar. Dit was veral weens die feit dat die kapasiteit en hulpbronne binne provinsiale departemente om die ramp te bestuur oorskry was.

Mpumalanga en die Oos-Kaap het die ergste deurgeloopt. Agri SA het verskeie *Joint Flood Coordination Committee* (NJFCC) -vergaderings bygewoon om te verseker dat lede se probleme op nasionale vlak aangespreek word. Dit sluit in aangeleenthede rakende die dam- en riviervloei, vloedgeteisterde vlaktes in KZN ens. Die NDMC het aangedui dat hulle wag op goedkeuring vanaf die Nasionale Tesourie aangaande toekennings aan provinsies vir vloedhulp.

Teen April 2023 het die Nasionale Tesourie nog nie aangedui hoeveel befondsing beskikbaar gestel sou word vir hierdie doel nie.

| Province      | Request for funding emanating from February 2023 floods |
|---------------|---|
| Eastern Cape  | R 127 678 800.00  |
| Gauteng       | R 61 700 000.00   |
| KwaZulu-Natal | R 520 455 126.00  |
| Limpopo       | R 44 904 133.00   |
| Mpumalanga    | R 578 085 500.00  |
| Northern Cape | R 5 145 435.59  |
| North West    | R 12 458 364.27   |

## Agri SA Disaster Relief Foundation

Payments to provinces 1 May 2022 – 30 April 2023

|                    | Droogte            | Brande             | Siektes            | Sprinkane | TOTAAL             |
|--------------------|--------------------|--------------------|--------------------|-----------|--------------------|
| Agri Wes-Kaap      | R267 605.00        | -                  | -                  | -         | R267 605.00        |
| Agri Noord-Kaap    | R380 000.00        | -                  | -                  | -         | R380 000.00        |
| Agri Oos-Kaap      | -                  | -                  | -                  | -         | R165 000.00        |
| Vrystaat Landbou   | -                  | -                  | -                  | -         | -                  |
| Agri Noordwes      | -                  | -                  | R180 000.00        | -         | R180 000.00        |
| Mpumalanga Landbou | -                  | -                  | -                  | -         | -                  |
| Agri Limpopo       | -                  | R100 000.00        | -                  | -         | -                  |
| Kwanalu            | -                  | -                  | -                  | -         | -                  |
| <b>TOTAAL</b>      | <b>R812 605.00</b> | <b>R100 000.00</b> | <b>R180 000.00</b> | <b>-</b>  | <b>R992 605.00</b> |

## Agri SA Ramhulpstigting

Betalings aan provinsies 1 Mei 2022 – 30 April 2023

### ESKOM

The biggest threat to agriculture production in the past year was the impact of load-shedding on the agriculture sector. During the 2022/2023 summer season, heatwaves impacted irrigation farmers and their ability to irrigate. In February 2023, the NDMC declared the energy crisis as a national state of disaster. A lot of uncertainty was experienced around the management of this crisis by the NDMC and the Presidency. Agri SA requested the NDMC to consider declaring agriculture as an essential service provider that will be exempted or limited from load-shedding during critical production time. Furthermore, Agri SA requested the NDMC to support Eskom in finding solutions to ensure that food production is not affected by load-shedding.

Members were also requested to indicate whether they support declaring a national state of disaster. National Disaster Management Advisory Forum meetings were held to suggest solutions and independent reports were submitted on the impacts. The NDMC did identify in Government Gazette Regulation no 48145 that the food production and food storage facilities are identified as essential service providers during a state of disaster. The declaration was however revoked in April 2023.

### ESKOM

Die grootste bedreiging vir landbouproduksie die afgelope jaar was die uitwerking van beurtkrag op die landbousektor. Gedurende die somerseisoen van 2022/2023 het hittegolwe besproeiingsboere en hul vermoë om te besproei, beïnvloed. In Februarie 2023 het die NDMC die energiekrisis as 'n nasionale ramptoestand verklaar. Baie onsekerheid is ervaar rondom die bestuur van hierdie krisis deur die NDMC en die presidensie. Agri SA het die NDMC gevra om oorweging te skenk aan die verklaring van die landbou as 'n noodsaaklike diensverskaffer wat tydens kritieke produksietyd vrygestel is van beurtkrag, of slegs beperkte beurtkrag ervaar. Agri SA het voorts die NDMC versoek om Eskom te ondersteun in sy soektog na oplossings om te verseker dat voedselproduksie nie deur beurtkrag geraak word nie.

Lede is ook versoek om aan te dui of hulle die verklaring van 'n nasionale ramptoestand ondersteun. Die Nasionale Rampbestuursadviesforum het vergader om oplossings voor te stel en deur onafhanklike verslae die uitwerking te beklemtoon. Die NDMC het wel in die Staatskoerant (regulasienommer 48145) verklaar dat voedselproduksie- en voedselopbergingsfasiliteite tydens 'n ramptoestand as noodsaaklike diensverskaffers geïdentifiseer word. Die verklaring is egter in April 2023 herroep.



Prof Dewald van Niekerk from North-West University gave an insightful presentation during a webinar in March 2023 on whether or not the energy crisis should be declared a state of disaster, the legality, and consequences of the declaration.

## CLIMATE CHANGE

Agri SA adopted a climate change mandate at its 2021 congress and a subsequent strategy was developed in 2022. The strategy on climate change is to guide Agri SA's actions on the agricultural sector's response (mitigation and adaptation) to climate change and importantly to ensure that Agri SA is clear and consistent with respect to its position on climate change policy and legal development, as it affects the agricultural sector. Loss and damage associated with climate change synergise with its response through disaster management.

## AGRI SA RISK REGISTER

A holistic risk register was developed by Next Step Academy in 2023, which highlights the existential risks the organisation faces. The risk register is a living document and will be updated on a regular basis as to when controls are out in place to mitigate the likelihood and impact of each identified risk. This will inform each centre and chamber's strategy going forward.

Professor Dewald van Niekerk van die Noordwes-universiteit het in Maart 2023 tydens 'n webinaar 'n insiggewende aanbieding gelewer oor die verklaring van die energiekrisis as 'n ramptoestand al dan nie, asook die wettigheid en gevolge van sodanige verklaring.

## KLIMAATSVERANDERING

Agri SA het tydens sy 2021-kongres 'n klimaatsverandering-mandaat aanvaar en daarna in 2022 'n strategie in hierdie verband ontwikkel. Die klimaatsveranderingstrategie is bedoel om as riglyn te dien rakende die landbousektor se reaksie (versagting en aanpassing) op klimaatsverandering en, selfs belangriker, om te verseker dat Agri SA sy posisie oor klimaatsverandering en wetsontwikkeling duidelik en konsekvent uitspel, aangesien dit die landbousektor raak. Verlies aan en skade wat verband hou met klimaatsverandering moet in sinergie wees met sy reaksie via rampbestuur.

## AGRI SA RISIKO-REGISTER

'n Holistiese risiko-register is in 2023 ontwikkel deur *Next Step Academy*, wat die bestaansrisiko's uitwys wat die organisasie in die gesig staar. Die risikoregister is 'n lewende dokument en sal gereeld opgedateer word in geval van 'n gebrek aan beheermiddele om die waarskynlikheid en uitwerking van elke geïdentifiseerde risiko te versag. Dit sal elke sentrum en kamer se strategie in die toekoms bepaal.





A close-up photograph of a person's hands holding a handful of dark soil. The person is wearing a yellow shirt. The background is a bright sunset over a field, with the sun low on the horizon, creating a warm, golden glow. The soil is being held in a way that some particles are falling through the fingers, creating a sense of texture and movement. The overall mood is peaceful and connected to nature.

**CENTRE OF EXCELLENCE**  
RURAL SAFETY

**SENTRUM VAN UITNEMENDHEID**  
LANDELIKE BEVEILIGING





**Uys van der Westhuijzen**  
Chairman | Voorsitter

Uys van der Westhuijzen served as chair of the centre during the reporting year, assisted by Joe Scholtz as vice-chair and Jakkals le Roux as executive committee member. Kobus Visser served as functionary and was responsible for the centre's administration.

The serious security threat experienced by the farming community, including farm attacks, murders and general criminality, makes it imperative for Agri SA and its provincial organisations to attend to this matter on an ongoing basis. The farming community's safety is a food security issue. The vulnerability of farming and rural communities is therefore not merely a farmer matter but also a community matter, as well as a matter of national importance. The agricultural and farming community ensures that South Africans have sufficient food every day and so contributes to national stability.

The centre's activities are therefore focused on security aspects that impact the farming community's personal safety and on general criminality. In terms of the Constitution, however, it remains the government's responsibility to keep all its citizens safe, but given the current security threat, the farming community is compelled to play a bigger role in their own and the community's safety.

The centre facilitates Agri SA's efforts to influence policy, legislation and programmes relating to the safety and security of farming communities and the rural environment.

The centre's activities are supported by the South African National Defence Force (SANDF) and the National Prosecuting Authority (NPA), whose representatives regularly attend and provide inputs at centre meetings.

During the report year, the centre held three meetings, one of which took place virtually. The centre's executive committee meets before every meeting to prepare for the proceedings.

Uys van der Westhuijzen is gedurende die verslagjaar tot voorsitter van die sentrum verkies en word ondersteun deur Joe Scholtz as ondervoorsitter en Jakkals le Roux as dagbestuurslid. Kobus Visser tree op as funksionaris en is verantwoordelik vir die sentrum se administrasie.

Die ernstige veiligheidsbedreiging, wat plaasaanvalle en -moorde insluit, asook algemene misdadigheid wat die landbougemeenskap beleef, maak dit noodsaaklik dat Agri SA en sy provinsiale organisasies deurlopend toegewyde aandag hieraan gee. Die boerderygemeenskap se veiligheid is 'n voedselsekerheidsaangeleentheid. Die kwesbaarheid van boerdery- en landelike gemeenskappe is dus nie bloot 'n boere-aangeleentheid nie, maar ook 'n gemeenskapsaangeleentheid wat ook van nasionale belang is. Die landbou- en boerderygemeenskap sorg immers dat daar daaglik genoeg kos op Suid-Afrikaners se tafels is en dra so by tot nasionale stabiliteit.

Die sentrum se werksaamhede is dus toegespits op veiligheidsaspekte wat 'n uitwerking het op die boerderygemeenskap se persoonlike veiligheid en op algemene misdadigheid. Dit bly die regering se grondwetlike verantwoordelikheid om alle landsburgers veilig te hou, maar weens die huidige veiligheidsbedreiging speel die boerderygemeenskap 'n groter rol in hul eie asook die gemeenskap se beveiliging.

Die sentrum fasiliteer Agri SA se beïnvloeding van beleid, wetgewing en programme wat betrekking het op die veiligheid en sekuriteit van boerderygemeenskappe en die landelike omgewing.

Die werksaamhede van die sentrum word ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) en die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), wat gereeld vergaderings van die sentrum bywoon en insette lewer.

Die sentrum het gedurende die verslagtydperk drie vergaderings gehou, waarvan een virtueel plaasgevind het. Die sentrum se dagbestuur vergader voor elke vergadering ter voorbereiding van die sentrumvergaderings.

### Landelike-veiligheidsberaad

Die beraad het op 27 en 28 Junie 2022 in Parys plaasgevind. Die visie vir die beraad was om al die sleutel-individue en besluitnemers met bedryfservaring en -kundigheid die geleentheid te bied om voorstelle en oplossings voor te lê, met die oog op 'n veiliger landelike omgewing. Uiteindelik het die beraad die Landelike-beveiligingsstrategie eenparig aanvaar as die gepaste strategie om met landelike misdaad te handel, maar aanbeveel dat daar nou gefokus moet word op die doeltreffende implementering daarvan.

In sy voorlegging tydens die openingsessie van die beraad, het Agri SA sekere sleutel-aspekte van die strategie uitgelig wat moet dien as vertrekpunt in die implementering daarvan. Dit sluit in:

- Die meer effektiewe funksionering van die prioriteitskomiteestrukture.
- Die reservistestelsel wat doeltreffend geïmplementeer moet word, met die fokus op goed opgeleide landelike reserviste en die deelname van boere en plaaswerkers. Agri SA het as vertrekpunt twee reserviste per boerevereniging aanbeveel.

## Rural Safety Summit

The vision of the summit held on 27 and 28 June 2022 in Parys was to give all key individuals and decision-makers with farming-industry experience and expertise an opportunity to submit proposals and possible solutions with a view to creating a safer rural environment. Ultimately, the summit unanimously accepted the Rural Safety Strategy as a suitable strategy to deal with rural crime but recommended that the focus should now shift to effective implementation.

In its presentation during the opening session, Agri SA emphasised certain key aspects in the strategy as points of departure for implementation, including the following:

- More effective functioning of priority committee structures.
- Effective implementation of the reservist system, with a focus on well-trained rural reservists and the participation of farmers and farmworkers. As point of departure, Agri SA recommended two reservists per farming association.
- More effective criminal investigations, detention of suspects, and denial of bail by the police.
- Effective crime intelligence and analysis, including the analysis of organised crime and the establishment of an integrated, central information centre by the police.
- Greater police visibility and the implementation of blue-white-light events in all provinces.
- The appointment of police task teams and rapid response units in hotspot areas.

After the summit, the minister appointed a task team on which Agri SA's centre chair serves. They will be responsible for identifying the summit's priorities for submission to Cabinet for approval. Enquiries were made at the ministry of Police regarding the finalisation of the summit resolutions and when an announcement can be expected in this regard. The minister's feedback is awaited.

On 22 March, the police provided the Portfolio Committee on Police with feedback on the progress made by the task team with the summit resolutions, including the following:

- Improvement in response times in rural areas: Reference was also made to the E2 camera system as the 'eyes and ears' to combat crime collectively and in a coordinated manner.
- Addressing gender-based violence in rural areas.
- Job creation, agricultural development and land reform to improve the quality of life and address conflicts in rural areas.

The final outcome following the summit recommendations is now awaited.

## Land Invasion and Trespassing Instruction

The National Instruction deals with trespassing and land invasion and provides the police with guidelines as to their role and responsibilities in handling complaints relating to trespassing and land invasions. This is to ensure that police officers comply with the provisions of relevant legislation.

Following a discussion between Agri SA, Agri Northwest and a representative of the police's legal department regarding the

- Meer effektiewe misdaadondersoeke, aanhouding van verdagtes, en die opponering van borgtog deur die polisie.
- Doeltreffende misdaadintelligensie en -ontleding, met inbegrip van die ontleding van georganiseerde misdaad en daarstelling van 'n geïntegreerde, sentrale inligtingsentrum deur die polisie.
- Groter sigbaarheid van die polisie en die implementering van blou-witlig-geleenthede in alle provinsies.
- Die daarstelling van polisietaakspanne en snel reaksie-eenhede in brandpuntgebiede.

'n Taakspan is ná afloop van die beraad deur die minister aangestel, waarvan Agri SA se sentrumvoorsitter deel vorm. Die taakspan is verantwoordelik om die prioriteite van die beraad te identifiseer en dan aan die kabinet voor te lê vir aanvaarding. Navraag is by die Ministerie van Polisie gedoen oor die finalisering van die besluite van die beraad en wanneer 'n aankondiging verag kan word. Die minister se antwoord word tans afgewag.

Op 22 Maart 2023 het die polisie terugvoer aan die Portefeuljekomitee van Polisie gegee oor vordering wat die taakspan maak met die beraad se besluite, wat die volgende insluit:

- Verbetering van die reaksietyd op misdaad in landelike gebiede. Daar is ook verwys na die E2-kameraprojek as die oë-en-ore-projek om misdaad gesamentlik op 'n gekoördineerde wyse te bekamp.
- Die aanspreek van geslagsgebaseerde geweld in landelike gebiede.
- Werkskepping in landelike gebiede, landbou-ontwikkeling en grondhervorming om die kwaliteit van lewe en konflik in landelike gebiede aan te spreek.

Die finale uitslag ná die beraad se aanbevelings word nou nog afgewag.

## Grondbesettings- en Betreding-instruksie

Die nasionale instruksie van die polisie handel oor betreding en grondbesetting en verskaf riglyne aan die polisie in terme van hul rol en verantwoordelikhede gedurende die hantering van klagtes wat volg wanneer betreding en grondbesetting op eiendom voorkom. Dit is om te verseker dat polisielede binne die bepalings van toepaslike wetgewing optree.

Ná afloop van 'n gesprek tussen die sentrum, Agri Noordwes en 'n verteenwoordiger van die polisie se regsafdeling oor die moontlike hersiening van die instruksie om meer duidelikheid te verkry oor die toepassing daarvan, het die polisie begin met 'n proses om die instruksie te hersien. Die sentrum het kommentaar op die instruksie voorberei en, nadat dit deur die sentrum goedgekeur is, is dit aan die polisie voorsien vir oorweging.

## Vuurwapenwetgewing

'n Direktief wat deur die polisie uitgereik is met gepaardgaande riglyne, voorsien leiding aan die aangewese vuurwapenbeamptes (DFO's) oor hoe om aansoeke vir vuurwapenlisensies wat voorheen verval het, te verwerk en om nie sodanige vuurwapens as verbode te ag nie.

possible revision of the instruction to provide greater clarity as to its application, the police started with a process to review the Instruction. The centre prepared comments on the Instruction which, after approval by the centre, was submitted to the police for consideration.

## Firearm Legislation

A directive issued by the police, with accompanying guidelines, provides information to the designated firearm officers (DFOs) on how to process applications for firearm licences that had previously lapsed, with instructions not to consider such firearms as prohibited.

This directive allows owners whose licences had lapsed to apply for new licences as from a specific date without having to hand over their firearms to the police for safekeeping while being processed. The applicant must comply with exactly the same requirements that apply for a new firearm licence, for example having a valid competency certificate.

Agri SA prepared a document with the following information, which was distributed to all its members' organisations:

- A summary of the directive.
- A legal opinion to provide clarity on certain matters following the Constitutional Court ruling in the case between the minister of Police and Fidelity.
- The police guidelines.

The police made a presentation to BUSA on the proposed Firearms Control Amendment Bill. At first glance, the Bill seems to be the same as the previous one, including the scrapping of section 13 (self-defence) as one of several amendments.

BUSA has appointed a task team to prepare high-level commentary on the proposed Amendment Bill and to submit it to NEDLAC as a briefing statement. Agri SA delegated Gernie Botha and Kobus Visser to serve on the BUSA task team to assist them with the preparation of commentary.

## Integration of E2 Camera Systems

The E2 project is an official coordination and joint crime-fighting initiative between the police, Business Leadership SA (BLSA) and the private security industry (PSI). The aim of the E2 project is to use the PSI's geographic footprint, technology, and other resources to promote situational awareness of incidents on the part of the police.

The E2 project fulfils two important roles, namely a facilitation role to assist in preventing crime and to work with government, when so requested, by providing information. The project was mandated by the police to include non-private security industry role players such as organised agriculture, which forms part of the Rural Safety Strategy, to serve on steering committees.

It is envisaged that the footprint, technology, and sources of information will be used by private and non-private security role players to promote situational awareness and inform the police. It also deals with the improvement of response to crime, especially

Hierdie direktief laat toe dat eienaars wie se lisensies verval het, aansoek kan doen vir nuwe lisensies vanaf 'n spesifieke datum, sonder om die vuurwapens aan die polisie te oorhandig vir veilige bewaring terwyl hul aansoeke verwerk word. Die aansoeker moet voldoen aan presies dieselfde vereistes wat geld vir 'n nuwe vuurwapenlisensie, byvoorbeeld die besit van 'n geldige bevoegdheidsertifikaat.

Agri SA het 'n dokument voorberei met die volgende inligting daarin en aan al sy lede-organisasies versprei:

- 'n Opsomming van die direktief.
- 'n Regsopinie om uitklaring te verskaf op sekere vrae na aanleiding van die Grondwethof se uitspraak in die saak tussen die minister van Polisie en Fidelity.
- Die polisie-riglyne.

Berigte is toenemend ontvang van onrusbarende praktyke wat die polisie en verkeersbeamptes volg rondom die vervoer van vuurwapens. Wetstoepassers trek motoriste by padblokkades af, of stop selfs motoriste met flitsende blou ligte, en vra uit oor die besit van vuurwapens en lisensies. Daar word dan beweer dat die vuurwapen nie gebruik mag word vir selfverdediging indien dit vir ander doeleindes gelisensieer is. Daar is geen beperking in die Wet op die Beheer van Vuurwapens dat 'n vuurwapen net gebruik mag word vir die doel waarvoor die lisensie uitgereik is nie, maar bepaal egter dat die wapen gebruik mag word waar dit veilig is en vir 'n wettige doel.

Die sentrum het 'n inligtingstuk hieroor saamgestel om lede in te lig oor die korrekte wyse vir die vervoer van 'n vuurwapen en duidelikheid verskaf oor die toepaslike bepalings van die betrokke artikels in die wet.

Die polisie het ook 'n voorlegging aan BUSA gedoen rakende die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op die Beheer van Vuurwapens. Op die oog af blyk die wetsontwerp dieselfde as die vorige wetsontwerp, met steeds die skraping van artikel 13, selfverdediging, as een van vele wysigings.

BUSA het 'n taakspan saamgestel om hoëvlak-kommentaar op die voorgestelde wysigingswetsontwerp voor te berei en as 'n opdragstandpunt aan NEDLAC voor te lê. Agri SA het Gernie Botha en Kobus Visser aangewys in die BUSA-taakspan om te help met die voorbereiding van die kommentaar.

## Integrering van E2-kamerastelsels

Die E2-inisiatief is 'n amptelike koördinerings- en gesamentlike misdaadbekampings-inisiatief tussen die polisie, Business Leadership SA (BLSA) en die private sekuriteitsbedryf (PSI). Die doel van die E2-projek is om die PSI se geografiese voetspoor, tegnologie en ander hulpbronne van inligting te gebruik om die situasie-bewustheid van insidente by die polisie te bevorder.

Die E2-projek het twee belangrike rolle om te vervul, naamlik 'n fasiliteringsrol om onder meer misdaad te help voorkom en om met die regering saam te werk, wanneer so versoek, deur die verskaffing van inligting. Die projek het 'n mandaat van die polisie ontvang om nie-private sekuriteitsbedryf-rolspelers soos georganiseerde landbou, wat deel uitmaak van die Landelike

where there is a strong focus on making situation-specific information available.

A strategic session was held in September 2022 and the findings of the session will be prioritised by BLSA to determine what is implementable. According to BLSA, the standing operating procedure according to which non-private security companies can apply to the E2 project had been approved in principle but details such as the authorisation required from the police, are still sketchy. The process is being clarified with the police. In the meantime, BLSA has provided the centre with a link so that eligible institutions participating in the Rural Safety Strategy can register on the platform.

The police have identified three pilot projects to evaluate the E2 project, namely in Bela-Bela in the Limpopo Province, West Coast District Municipality in the Western Cape, and Impendle in KwaZulu-Natal. In the western part of the Waterberg area in Limpopo, approximately 280 cameras form part of the pilot project. Great success has already been achieved with the pilot project, which led, among other things, to the arrest of syndicates involved in copper theft.

Further discussions are envisaged with BLSA regarding the accommodation of role players in the Rural Safety Strategy on the E2 platform.

### Use of Camera Information: Legal Opinion

The centre sought a legal opinion on the application of information obtained from camera systems. The opinion also dealt with the responsibility of the owners of the systems, such as farmer associations, to apply them correctly in terms of the POPI Act. The legal opinion was distributed to Agri SA's member organisations to familiarise themselves with their responsibilities should they be the owners of the systems. The centre again referred to the responsibility of farmer associations, which in most cases are the owners of camera systems, to use that information correctly according to the POPI legislation.

### Planning for and Management of Security Risks

Lawbreakers can wreak havoc on infrastructure and agricultural property in the blink of an eye, with no regard for law and human lives. These criminal actions have a serious impact and include incidents of arson, intimidation and large-scale looting, thereby threatening food security and the safety of the farming community. Farming communities and civil society organisations have for years been compelled to initiate and repeatedly upgrade their security – physically and technologically.

The Rural Safety Strategy already contains guidelines to deal with rural safety. It is therefore important that any form of political violence or anarchy be identified at an early stage and managed with the appropriate role players based on an effectively implemented Rural Safety Strategy. The risk indicators and any potential conflict, as well as the capabilities that are available, should be analysed locally at farmer association level, after which the necessary contingency plans should be devised and implemented.

Beveiligingstrategie, in te sluit en sitting aan hulle te bied binne stuurkomitees.

Dit word in die vooruitsig gestel om die private en nie-private sekuriteitsrolspelers se voetspoor, tegnologie en bronne van inligting aan te wend in die bevordering van 'n situasie-bewustheid en die polisie daarvoor in te lig. Dit handel ook oor die bevordering van operasionele reaksie tot misdaad, veral die misdaad wat sterk gefokus is op die beskikbaarmaking van situasie-spesifieke inligting.

'n Strategiese sessie is gedurende September 2022 gehou en die bevindinge van die sessie word deur BLSA geprioritiseer om te bepaal wat implementeerbaar is. Volgens BLSA is die Staande Operasionele Prosedure vir die nie-private sekuriteitsmaatskappye om aansoek te doen by die E2-projek in beginsel goedgekeur maar die besonderhede wat nog kort, is die vorm van die magtiging wat van die polisie benodig word. Die proses word tans nog met die polisie uitgeklaar. Intussen het BLSA 'n skakel aan die sentrum beskikbaar gemaak sodat kwalifiserende instansies wat aan die Landelikebeveiligingstrategie deelneem, op die platform kan registreer.

Die polisie het drie loodsprojekte geïdentifiseer om die E2-projek te evalueer, naamlik: by Bela-Bela in die Limpopo-provinsie, die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Wes-Kaap en Impendle in KwaZulu-Natal. In die westelike gedeelte van die Waterberggebied in Limpopo is ongeveer 280 kameras ingeskakel by die loodsprojek. Goeie suksesse is reeds met die loodsprojek behaal, wat onder meer gelei het tot die arrestasie van sindikate wat betrokke is by koperdiefstal.

Verdere gesprekke word in die vooruitsig gestel met BLSA oor die akkommodering van rolspelers in die Landelike Beveiligingstrategie op die E2-platform.

### Aanwending van Kamera-inligting: Regsmening

Die sentrum het 'n regsmening aangevra oor die aanwending van inligting wat van kamerastelsels verkry word. Die mening het ook gehandel met die verantwoordelikhede wat op die eienaars van die stelsels, soos boereverenigings, rus om dit ingevolge die POPI-wet reg aan te wend. Die regsmening is aan Agri SA se lede-organisasies versprei sodat hulle hulself van hul verantwoordelikhede kan vergewis indien hulle die eienaars van die stelsels is. Die sentrum het weer eens gewys op die verantwoordelikheid wat op boereverenigings rus, wat in die meeste gevalle die eienaars van kamerastelsels is, om daardie inligting korrek volgens die POPI-wetgewing aan te wend.

### Beplanning en Bestuur van Veiligheidsrisiko's

Wetsoortreders kan in 'n oogwink verwoesting saai aan infrastruktuur en landbou-eiendom, met geen ontsag vir die reg en menselewens nie. Dié kriminele optrede kan die landbou intens raak met voorvalle van brandstigting, intimidasie en grootskaalse plundery wat kan voorkom, waardeur voedselsekerheid en die veiligheid van die boeregemeenskap bedreig kan word. Boerderygemeenskappe en burgerlike organisasies moet reeds vir jare hul eie sekuriteit inisieer en telkens opdateer - fisies en tegnologie.

This means that the farming community, ordinary citizens and their representative organisations must be in a position to prepare and make arrangements for their own safety in order to protect their lives and property. The centre has developed a manual for the various levels within the Agri SA structure to guide them in planning their actions, coordination and arrangements, as applicable during a security threat.

### Illegal Access to a Premises Bill

The Bill serves as an effective mechanism to give effect to the constitutional duty of the South African Police Service to prevent, combat and investigate crime. However, the centre had serious misgivings, which were addressed in its comments to the Department of Justice with a view to making it easier to implement and to protect the rights of landowners.

The Bill has the potential to address some key problems experienced under the current application of the Act, which is caused by a lack of police action in cases of unlawful entry to premises. For example, it provides for the arrest of trespassers, even if they had already erected structures or already reside in such structures. This is a very important provision to curb the growing threat of illegal occupation of farmland and the resulting risk to food security.

The finalisation of the Bill will be closely monitored by the centre with a view to future participation in public processes on the matter.

### Reservist System

The reservist system is important as it is considered the “first responder” in any rural safety situation and can serve as a force multiplier in rural areas. The system also forms the backbone of the Rural Safety Strategy. Reservists are members from the community, for the community, readily available and effective in a policing capacity after the necessary training.

The centre believes that there should be a specific category for rural reservists. It will provide for the recruitment of more reservists, the utilisation of possible civilian resources when police resources are not available and will also ensure a swifter response if and when required. The centre also believes that at least two reservists should be recruited per farmer association, initially from the hotspot areas.

Training of reservists should focus on what can be expected of them in the rural areas as well as the operationalisation of the Rural Safety Strategy to work in close cooperation with the local FarmWatch. It should therefore include practical training on the implementation of strategy, which can be done locally by an accredited security company.

The centre has made a presentation to the police research unit concerned with the development of a comprehensive reservist system.

Die Landelike Beveiligingstrategie bevat reeds riglyne om landelike veiligheid te hanteer. Dit is daarom belangrik dat aanduidings van vorme van politieke geweld en naderende vorme van anargie vroegtydig bepaal behoort te word en aan die hand van 'n effektief geïmplementeerde landelike beveiligingstrategie saam met die toepaslike rolspelers bestuur moet word. Die gevaar-aanduidings en evaluering van enige konfliktpotensiaal en watter vermoëns beskikbaar is, moet op boereverenigingvlak plaaslik ontleed en daarna moet die nodige gebeurlikheidsbeplanning gedoen en in plek gestel word.

Dit plaas die boerderygemeenskap, gewone landsburgers en hul verteenwoordigende organisasies in 'n posisie dat hulle moet voorberei en organiseer vir hul eie veiligheid, ten einde eiendom en lewe te beskerm. Die sentrum het daarom 'n handleiding ontwikkel vir die onderskeie vlakke binne die struktuur van Agri SA om hulle te lei in hul verantwoordelikheid in die beplanning van optrede, koördinasie en organisering, soos van toepassing tydens 'n veiligheidsbedreiging.

### Wetsontwerp op Onwettige Toegang tot 'n Perseel

Die wetsontwerp bied 'n doeltreffende meganisme om uitvoering te gee aan die grondwetlike plig van die Suid-Afrikaanse Polisiediens om misdaad te verhoed, te bestry en te ondersoek. Die sentrum het egter ernstige bedenkinge gehad rakende die wetsontwerp. Dit is aangespreek in sy kommentaar aan die Departement van Justisie, om dit uitvoerbaar te maak en die regte en veiligheid van grondeienaars te verseker.

Die wetsontwerp het die potensiaal om sommige sleutelprobleme aan te spreek wat ervaar word onder die huidige toepassing van die wet en as gevolg van swak polisie-optrede in gevalle van onwettige betreding van persele. Byvoorbeeld: dit maak voorsiening vir die inhegtenisname van betreders, al het hulle reeds strukture opgerig of reeds in sodanige strukture gewoon. Hierdie is 'n baie belangrike bepaling om die groeiende bedreiging hok te slaan van onwettige besetting van plaasgrond en die gevolglike risiko rakende die handhawing van voedselsekerheid.

Die afhandeling van die wetsontwerp sal fyn dop gehou word deur die sentrum vir deelname aan verdere openbare prosesse daarvoor.

### Reservistestelsel

Die reservistestelsel is belangrik, aangesien die reservis as die “eerste reageerder” in enige landelike veiligheidsituasie geag word en kan dien as magsvermenigvuldiger in landelike gebiede. Die stelsel vorm ook die ruggraat van die Landelike Beveiligingstrategie. Reserviste is lede vanuit die gemeenskap vir die gemeenskap, geredelik beskikbaar en doeltreffend in 'n polisiëringshoedanigheid ná afloop van die nodige opleiding.

Die sentrum is van mening dat daar 'n spesifieke kategorie vir landelike reserviste moet wees. Dit sal voorsiening maak vir die werwing van meer reserviste, die benutting van moontlike burgerlike hulpbronne wanneer polisiehulpbronne nie beskikbaar is nie, en sal ook 'n vinniger reaksie verseker indien en wanneer nodig. Die sentrum is verder van mening dat minstens twee reserviste per boerevereniging gewerf moet word, aanvanklik vanuit die brandpuntgebiede.

## Prioritisation of DNA Samples

At the members' requested, the prioritisation of DNA samples was discussed at the previous national priority committee meeting. The prioritisation of samples relates to serious crime cases, which had long been outstanding and could not be finalised by courts because the DNA results were not available. The priority committee raised the matter with the police forensic department. The latter requested that such cases be forwarded to them with a brief description, for prioritisation of the DNA analysis. The centre now regards the matter as settled.

## Protocol for Farm Access

The Farm Access Protocol was developed in 2002 and circulated to all government departments to inform them of the application of the protocol at farm level. The protocol was adopted by the police in the same year. The protocol has become an accepted standard to access farms in a coordinated manner, thereby helping to ensure the safety of farmers and farmworkers.

The centre has revisited the protocol and decided that adjustments be made regarding visits to graves; that the Eskom protocol for farm visits be included as an annexure; and that adherence to biosecurity measures also be considered for inclusion.

## Economic Sabotage, Protests and Criminal Activities

The centre noted that the uncontrolled development of settlements along provincial and national routes had adverse consequences for road users. At some of the settlements, speed bumps had been erected, which were exploited by criminals in order to steal products and goods from trucks and even damage the trucks. This has an adverse effect on the transportation of products and livestock. The residents of these sprawling settlement resort to protest action, which results in the closure of routes and in turn gives rise to criminal activity. The problems are not resolved swiftly by the police because they try to do so through dialogue and negotiations, while the protesters continue to close roads and cause damage to infrastructure.

The executives of the centres of excellence Economics and Rural Safety were instructed to get together to find possible solutions in this regard.

## Drones

There have been an increasing number of reports of drones flying over farmers' property and dwellings without the consent of the landowner. The drones fly in an uncontrolled manner and pose a safety risk to landowners. Flying drones over a landowner's property without permission infringes on their privacy. It is difficult to police drones because when a case is made, the police ask that the culprit be identified. If such a person is not identified, the police are not interested in opening a case.

Civil aviation legislation exists to regulate the use of drones. The problem, however, is the effective application and policing of legislation. The police should be reminded of this legislation. With reference to shooting down drones that fly over private

Opleiding van die reserviste behoort te fokus op wat van 'n landelike reservis in die landelike gebiede verwag kan word asook die operasionalisering van die Landelike Beveiligingstrategie om in noue samewerking met die plaaslike plaasweg te werk. Dit moet dus praktiese opleiding insluit rakende die implementering van die strategie wat plaaslik deur 'n geakkrediteerde sekuriteitsmaatskappy gedoen kan word.

Die sentrum het 'n aanbieding gedoen aan die polisie se navorsingseenheid wat gemoeid is met die ontwikkeling van 'n omvattende reservistestelsel.

## Prioritering van DNA-monsters

Op versoek van lede is die prioritering van DNA-monsters tydens 'n vorige nasionale prioriteitskomitee-vergadering bespreek. Die prioritering van die monsters handel oor ernstige misdrywe se sake wat lank uitstaande is en hoewe dit nie kan afhandel omdat die DNA-resultate nie vir die hof beskikbaar is nie. Die prioriteitskomitee het dit met die polisie se forensiese afdeling opgeneem, wat versoek het dat sake wat aan bogenoemde voldoen met 'n kort beskrywing aan hulle voorsien kan word vir die prioritering van die ontleding van daardie monsters. Die aspek word nou as afgehandel beskou deur die sentrum.

## Protokol vir Plaastoegang

Die protokol vir plaastoegang is gedurende 2002 ontwikkel en aan alle staatsdepartemente gesirkuleer om hulle in te lig oor die toepassing van die protokol op plaasvlak. Die protokol is in dieselfde jaar deur die polisie aanvaar. Die toepassing van die protokol het egter 'n aanvaarde standaard geword om op 'n gekoördineerde wyse toegang tot plase te verkry en daardeur die veiligheid van boere en plaaswerkers te help verseker.

Die sentrum het die protokol heroorweeg en besluit dat aanpassings daaraan aangebring word rakende besoeke aan grafte, die Eskom-protokol vir plaasbesoeke as 'n bylae ingesluit word en dat die insluiting van die handhawing van bio-sekuriteitsmaatreëls vir insluiting oorweeg word.

## Ekonomiese Sabotasie, Protes- en Kriminele aktiwiteite

Die sentrum het kennis geneem dat die ongekontroleerde ontwikkeling van nedersettings langs provinsiale en nasionale roetes nadelige gevolge inhou vir padgebruikers. By sommige van die nedersettings word spoedwalle opgerig wat deur kriminele uitgebuit word om produkte en goedere van vragmotors te steel en selfs vragmotors te beskadig. Dit het nadelige gevolge vir die vervoer van produkte asook lewende hawe. Die inwoners van die nedersetting gaan ook oor tot protesaksies, wat lei tot die sluiting van die roetes en weer aanleiding gee tot kriminele aktiwiteite. Die probleme word nie vinnig deur die polisie opgelos nie en hulle probeer deur dialog en onderhandelinge met die betogers die situasie op te los, terwyl stakers voortgaan om paaie te sluit en skade te veroorsaak aan infrastruktuur.

Die besture van die Sentrums van Uitnemendheid Ekonomie en Veiligheid is opdrag gegee om bymekaar te kom om moontlike oplossings te vind vir die aangeleentheid.

property without permission, the centre warned that members should refrain from doing this. If such a drone is shot down and the offender can be identified, such a person can be charged for damage to property and upon conviction, may even be declared incompetent to possess a firearm.

The centre decided to request the police to compile guidelines and a list of the offences related to drones and operators and to distribute them to all police stations as a guide for reporting and investigating cases.

### Corruption of Police and Traffic Officers on the N1

